**Mev. E.A. van der Elst**
**Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap**

# DIE GODSDIENSGEGEWE IN ENKELE HOOGTEPUNTE IN DIE PROSA VAN J. VAN MELLE

Die prosawerk van Johannes van Melle is groot in kwantiteit, maar nie altyd kwaliteit nie. Ondanks die ongelyke gehalte van sy oeuvre is die roman *Bart Nel* en van die kortverhale soos "Oom Karel neem sy geweer saam", Oom Daan en die dood", en "Oom Diederick leer om te huil", literêre pieke in die Ouer Afrikaanse Prosa. Hulle sal selfs 'n toets aan huidige standaarde goed deurstaan.

Van Melle het geskryf in die tyd toe Afrikanerwees outomaties Christenwees veronderstel het, en die kerk met wat daarby hoort, sentraal in die lewe van die Afrikaner gestaan het. Jonckheere (1968:181) noem dit die "Calvinisties-puriteinse lewensgesindheid". 'n Historiese resepsie-ondersoek sal waarskynlik aantoon dat die implisiete en die werklike leser by die Ouer Afrikaanse Prosa meestal — en veral in die geval van Van Melle — saamval.

## 1. DIE GODSDIENSGEGEWE IN *BART NEL*

*Bart Nel* speel, behalwe vir die periode in die tronk, af teen die tradisionele tydruimte van plaas en plattelandse dorpie. In hierdie wêreld is 'n egskeiding ongewoon en onaanvaarbaar, soos ook " 'n dubbele hoereerdery" (183). Al is die Christelike geloof 'n onlosmaaklike deel van hierdie tydruimte is die figuur Bart tog nie, soos Jakob de Jager in *Anderkant die berge* deur C.M. van den Heever, van die begin van die gebeure gedronge deur sy geloof nie. Hy word egter allermins as onverskillig en ongelowig gekarakteriseer; trouens, die outeur beeld sy ontwikkeling déúr 'n proses van afstroping en verdieping van geloofslewe. Dat Bart hoër kyk as die intermenslike kom al gou na vore. In 'n gesprek met Fransina sê hy: "Ek sweer nie by 'n mens nie" (13), en teen oom Giel se argumente sê hy: "Daar is hoër bevele as dié van jou regeringf, Oom" (35).*

Die figuur Bart Nel word gekenmerk deur 'n sterk individualisme, wat 'n belangrike motief en struktuurmiddel word, in besonder weens die herhaling van die motief van 'n pad wat Bart alleen moet loop. Dit word deur verskeie stemme herhaal, die meeste deur Bart self. Wanneer hy gedurende 'n

* Aanhalings uit die roman kom uit VAN MELLE, J. 1972. *Bart Nel*. Pretoria: Van Schaik.

gesprek met Fransina agterkom dat hulle siening van sy plig in die Rebellie heeltemal verskil, dink hy: "Hierdie paadjie sal ek alleen moet loop" (16). Die gedagte kom deur innerlike monoloog na vore, terwyl dit ook in die direkte rede verwoord word wanneer Bart later in die werk na aanleiding van 'n mede-gevangene se geloof in die siener, sê: "Ek loop nie agter profesieë nie; ek loop met my eie oë by die lig wat ek het" (147). Die klimaks van hierdie siening kom in die erlebte Rede nadat Bart Fransina se brief ontvang het waarin sy om 'n egskeiding vra: "Ek kan alleen wees. Ek kan alleen staan. Alleen sal ek my pad deur die beroerde wêreld loop" (149). Die woord "alleen" klink soos 'n akkoord en word nie net beklemtoon deur herhaling nie, maar ook deur die ongewone sintaktiese plasing in die laaste sin. In hierdie uitspraak, in teenstelling met die slot van die werk, speel God vir Bart nog geen noemenswaardige rol op die pad wat hy alleen loop nie.

'n Ander stem wat hierdie motief herhaal, is die verteller wanneer hy by Bart se vertrek van die kommando van Rooi Martiens meld dat Bart nou weer sy eie pad gaan (54). Die woorde dra hier letterlike sowel as figuurlike betekenis. 'n Derde artikulator van die alleen-loopmotief is Fransina. Wanneer sy Bart vir die eerste keer na sy vrylating sien, kom sy tot die insig dat hy 'n man is "wat moeilike en gevaarlike paaie alleen geloop het" (166). Later, tydens 'n gesprek met haar vader, kom die alleen-motief weer aan die orde wanneer Fransina vir haar pa sê dat Bart alleen sal probeer deurkom (180).

In die epiese gebeure is daar twee opponerende bewegings in die ontwikkeling van Bart: 'n gestadigde afstropingsproses, wat in menslike terme 'n negatiewe beweging is, en 'n groei in die geloof wat uitloop op die positiewe beweging na "die ver ruim lig" soos wat Bart in 'n visioen sien. Ondanks die afstropingsproses tree Bart seëvierend uit die lewenstryd met "sy siel in hom". Hy is dus gestroop van alles totdat slegs die essensie oorbly. Wanneer daar alleenlik gekonsentreer word op wat hy verloor het in menslike terme, dan is Bart 'n tragiese figuur, want hy verloor dit deur sy eie toedoen, deur 'n karaktertrek, sy onwrikbare eiesoortigheid. Die klem val egter op sy groei tot geloofsmens wat hom volgens die Christelike visie wat uit die werk blyk, allermins as tragies tipeer. Tussen die twee pole van die binêre opposisie van aan die een kant minder word en aan die ander kant meer word, groei 'n spanningselement.

Daar is verskillende trappe in die afstropingsproses wat in die lewe van Bart voltrek word. 'n Groot teleurstelling is die onbevredigende afloop van die rebellie. 'n Belangrike deel van sy lewe voor die rebellie wat van hom afgeneem word, is sy vrou. Sy plaas, Kafferkraal word verkoop, en uiteindelik verloor hy ook vir Annekie.

Die woord "het" wat op besit dui, staan in verband met die afstropingsproses, en word 'n motief, veral in die laaste vyf-en-veertig bladsye van die roman. Wanneer Bart uit die tronk kom, en die oud-rebelle weer wegry nadat hulle hom geesdriftig verwelkom het, dink hy: "My Annekie, ... jou *het* ek darem nog" (155). Wanneer Annekie se tante haar kom haal, is die woorde "Ons *het* nou alles", swaar aan 'n dieper betekenis. Die het-motief eggo ook in die buurman, Maritz, se stelling: "Nou *het* jy niks meer nie ..." (199). Dan volg die klimaks van hierdie motief: "Hulle *het* nou alles," sê hy half uitdagend, "hulle *het* my grond, my vrou, my kinders. Maar my *het* hulle nie" (199). Hierdie uitspraak word vroeër voorberei wanneer Bart dink dat die mooi van huis en grond, van alles, af is as man en vrou nie meer vir mekaar omgee nie (145). In die laaste woorde van die werk, "en sy siel in hom" (200), is "het" implisiet teenwoordig; hy *het* nog sy siel. Waar Bart se begrip van besit uitstyg tot 'n geestelike vlak, bly dié van Fransina op aardse, menslike niveau wanneer sy aan Basson sê: "Jou *het* ek darem" (184). Bart en Fransina kan nie weer bymekaar uitkom nie, omdat sy nie geloofsgroei ondergaan nie. Sy bly eksistensieel, terwyl Bart geestelik weg en hoër beweeg.

Voordat Bart saam met die rebelle vertrek, kom daar weinig van enige godsdiensbelewing na vore. Eers in die veld begin die ander groot beweging in die werk, die groei in die geloof téén die afstroping in. Dit is die beginpunt en Bart luister nog maar met 'n halwe oor na die diens wat deur 'n ouderling gelei word. Hy is dan ook "een van die agterstes" van dié wat luister. Tog is hy nie onverskillig nie en "bring die aand vir hom nog 'n troos" (55), en voordat hy aan die slaap raak, mompel hy die laaste twee reëls van die psalmvers wat die rebelle vroeër in die aand by die godsdiensoefening gesing het.

Wanneer Bart gevang word, gaan die afstropingsproses voort, maar ook die geloofsgroei. In die tronk luister hy, maar nog nie in oorgawe nie, na iemand wat staan en preek. Tog raak dit Bart, want hy vra wie die man is. In hierdie stadium van sy lewe sien hy nog die dinge "sonder hulle goed te begryp" (137). Oom Gawie met sy sakbybeltjie is 'n instrument op Bart se pad na geloofsmens. Toe hy van die huis af weg is, was godsdiens so ver van sy gedagtes dat hy nie 'n Bybel saamgeneem het nie: "die gedagte daaraan het nie by hom opgekom nie" (139). Ook Fransina het nie daaraan gedink nie. Bart se besluit om oom Gawie se Bybel af en toe te leen, motiveer hy deur middel van innerlike monoloog. Hy voer nie aan dat hy vertroosting in die Woord soek nie, maar sien dit as iets om te lees teen die verveling in die tronk.

Wanneer oom Gawie se tyd verstreke is en Bart agterbly, is dit duidelik dat Bart wat godsdiens betref, verander het. Oom Gawie laat sy Bybel agter.

Daar word deur die verteller gesuggereer dat Bart in die tyd wat verby is, wel uit die Bybel gelees het, want na oom Gawie se vertrek, lees Bart "meer as vroeër" daaruit (151). Nou word daar vir die eerste keer gemeld dat Bart vertroosting uit die Bybelwoord put. Deur die verteller word indirek aangedui dat Bart troos in die Bybel vind: "... in die Bybel vind 'n rebel troos, meer nog as ander mense" (151).

Die binêre opposisie kom duidelik na vore wanneer Bart weier om Fransina terug te neem. Die een groot beweging, die afstropingsproses, is so ver voltrek dat Bart sy vrou en sy eiendom verloor het. Tog is daar duidelike tekens van die ander groot beweging, die groei in die geloof. Die feit dat hy Fransina nie weer wil terugneem nie, motiveer hy uit die Skrif. Hy is oortuig daarvan dat die Here so 'n daad nie sal goedkeur nie, want dit sal " 'n dubbele hoereerdery" wees (183) en "die een gruwel op die ander" (183). "Hoereerdery" en "gruwel" is woorde wat nie vreemd is aan Bybelse taal nie. Hoewel Bart se trots en koppigheid herhaaldelik beklemtoon word, speel sy christelike lewenshouding 'n belangrike rol wanneer hy Fransina afwys.

Die enigste persoon wat Bart uit sy lewe voor die rebellie oorhou, is Annekie, en in hulle verhouding speel godsdiens 'n rol. Die verteller meld dat hulle saam boekevat en dat dit nie daarby bly nie, maar dat dit uitloop op gesprekke oor Bybelse sake en oor die wil van God. Die afleiding kan gemaak word dat dit ook gaan oor die doel van God met Bart en Annekie se lewens. Dat dit nie vir Bart meer om die samesyn met Annekie gaan as om die inhoud van die gesprekke nie, word bewys deurdat hy by hul afskeid vra: "Sal jy elke dag in jou Bybel lees?" (198).

Aan die einde van die werk assosieer Bart sy lewe met dié van Job: "Kaal het ek op die wêreld gekom en kaal sal ek daaruit gaan" (200). Die woorde veronderstel 'n kennis van die geskiedenis van Job by die werklike leser. Daarsonder gaan die suggestie verlore dat Bart, soos Job, deur God getoets is, met ander woorde dat wat met Bart gebeur het in die hand van God was. Soos die Bybelfiguur kom hy gelouter deur die beproewinge anderkant uit, gestroop van die dinge wat eers vir hom belangrik was.

Maar die belangrikste, die Christelik essensiële, sy siel, het hy behou. "Die ver ruim lig" wat hy in die visioen tegemoet loop, kan gesien word as die toekoms, of 'n nuwe lewe waarin hy al die ou dinge afgeskud het. Teen die agtergrond van Bart se geestelike verdieping en sy groei téén die afstropingsproses in na geloofsmens, het "die ver ruim lig" egter ook 'n religieuse konnotasie, naamlik die ewige lewe.

Dit kan voorkom asof die klem in die werk val op hoe alles van Bart weggeneem word. Die kruks is egter dat Bart 'n oorwinnaar in die geloof is.

## 2. GODSDIENS EN DIE DOOD IN ENKELE KORTVERHALE

Nog sterker as in die beelding van die weerbare, strydende karakter, figureer die godsdiensmotief in die beelding van karakters in hulle weerloosheid voor die dood. Dit is die geval in die kortverhale "Oom Daan en die dood", "Oom Karel neem sy geweer saam" en "Oom Diederik leer om te huil".

In die kortverhale, soos ook in die langer verhalende werke van Van Melle, hang die tema van die tydelikheid en die broosheid van menslike verhoudinge, saam met die verganklikheid van alles. Dit is dus nie verrassend dat die dood dikwels in die skrywer se werke voorkom nie. Jonckheere (1968:50) beskou die verhale met die dood as "dramatisch handelingsmoment", as 'n hoogtepunt in Van Melle se prosa.

In al drie bogenoemde kortverhale bespiegel die hoofpersonasies, die drie ooms, oor die dood. Oom Daan ("Oom Daan en die dood") word gekarakteriseer as iemand wat nie normaalweg oor geestelike dinge peins nie. Trouens, hy word geskets as hard, onbetroubaar en onregverdig, kenmerke wat nie by die ware Christen hoort nie. Gedagtes aan die dood word by hom aangewakker deur sy seuntjie wat bonatuurlike vermoëns besit deurdat hy voorbodes van mense se dood sien. Oom Daan praat van die kind se "vooruitsiendheid".

Al word hy nie as Christen gekaraktiseer nie, word dit gesuggereer dat hy in elk geval aan 'n lewe na die dood glo: " 'n Mens weet nie hoe dinge is ná jou dood nie. Daar anderkant is miskien dinge waarvan ons hier geen vermoede het nie" (136).*

Oom Daan se inkeer kom nie uit geloofsoortuiging nie, maar gaan suiwer om homself. Dit word in soveel woorde gesê: "Ja, so is hy nou. Hy het nie na ander gekyk nie; hy het net na homself gekyk" (137). Die Christelike naasteliefde ontbreek by hom, en hy het ook nie die gelowige se gerusstelling dat hy na sy ewige huis gaan nie. Oom Daan is bang vir die dood, want hy vrees dat hy verantwoording moet doen vir dinge wat hy in sy lewe verbrou het. Al word daar nêrens gesê dat hy 'n Christen is of selfs dat hy in 'n Christelike wêreld staan nie, weet hy wat volgens Bybelse norme reg en verkeerd is.

* Aanhalings uit "Oom Daan en die dood" en "Oom Karel neem sy geweer saam" kom uit VAN MELLE, J. 1938. *Oom Daan en die dood.* Bloemfontein: Nasionale Pers.

Anders as oom Daan, is oom Karel uit "Oom Karel neem sy geweer saam", nie bang vir die dood nie. Dat daar 'n hemel is, en dat hy na sy dood die saligheid gaan beërwe, betwyfel hy vir geen oomblik nie: "Dat hy hemel toe gaan, is vir hom 'n uitgemaakte saak; dit was altyd vir hom 'n uitgemaakte saak gewees vandat hy 'n kind was" (151). Oom Karel word gekarakteriseer as gelowige met kennis van die Bybel soos onder andere blyk uit die woorde uit Job wat hom te binne skiet wanneer hy aan sy omstandighede en aan die naderende dood dink: "En Job was oud en der dagen sat" (148). Dat hy die Bybel ken en graag lees, kom in een van die talle vergelykings wat oom Karel gebruik, na vore, wanneer hy dink hoe goed hy die Bosveld ken: "Hy ken dit alles so goed as hoofstukke in die Bybel, nog altyd fris, altyd bekoorlik" (154). Sy vertroue in die Here blyk uit sy bespiegelinge oor die hemel, waar soos hy redeneer, die Here mense soos hy nóg kan gebruik, en in die gevegte waaraan hy in die hemel gaan deelneem, sal behoed: "Maar altyd word hulle deur die Here beskerm" (156-157). Daar kom nog 'n Bybelse verwysing voor waar die ou predikant aan oom Karel wil duidelik maak dat daar vrede in die hemel heers, en Jes. 11:6 en 7 aanhaal.

Die krisis waarvoor oom Karel staan, is die vraag of daar in die hemel ook vir iemand soos hy, jagter en krygsman, plek sal wees. Hy voel eensaam, nutteloos en oorbodig, maar huiwer ook vir die naderende dood omdat hy vrees dat die hemel nie vir iemand soos hy voorsiening maak nie. 'n Sleutelbegrip in hierdie kortverhaal is die dood. Die woord self en uitdrukkings wat daarop dui, kom herhaaldelik voor. Op die eerste bladsy klink dit al drie keer namekaar: "Sy ou vrou is dood. Sy ou jagmaats is dood; sy ou krygsmakkers is dood en weg" (147). Die naderende dood word herhaaldelik deur middel van vergelykings wat in die ruimte van die verhaal geïntegreer is, beklemtoon, deur onderskeidelik oom Karel en die verteller. Die verteller meld byvoorbeeld dat oom Karel leef soos " 'n vat wat leegloop; 'n dam wat aan die opdroë is" (149).

Herhaling van woorde speel 'n belangrike rol by die suggestie van oom Karel se naderende dood. Belangrik hier is die woord "ou" en "oud" wat teen 'n hoë frekwensie voorkom. "Oud" impliseer na aan die einde, dit wil sê die dood: "oud en der dagen zat" (148), "ou perd", "ou vrou", "oud en oorbodig", "ou pad", "ou jagmaats", "ou man" (149), "ou man", "ou man", "jy moet self oud wees", "ou mens" (150 — alles in 'n paragraaf van vyf reëls), "soos 'n ou hond", "jou ou hond", "soos 'n ou hond", "soos 'n ou perd" (151), "my ou maat" (152), "ou maat", "ou skietveld", "ou plekke" (153), "ou omgewing" (155), "ou man", "ou jagmaats" (156), "ou man" (159).

Die kortverhaal begin met 'n beskrywing van die veld. Dit is in ooreen-

stemming met oom Karel se geestesgesteldheid en gesien vanuit sy perspektief: "ou oom Karel Stone sit in die koelte langs sy huis en *kyk* na die veld ..." (147) (my kursivering). Die beskrywing het die doodsgedagte as ondertoon gesuggereer deur woorde soos "leeg", "eensaam", "droewig". Die verhaal begin met "Ou oom Karel Stone ..." en dan word hy onmiddellik in die winterse ruimte geplaas: "geelwit gras", "die bleekblou winterhemel, "bleek hemel" (147). Hierdie woorde staan in die eerste paragraaf. Die tweede paragraaf slaan 'n brug tussen die menslike figuur en die natuur, want die natuur word nou deur middel van personifikasie beskryf: "sprakeloos" en "droewig". In die vierde paragraaf word die menslike figuur, oom Karel, se gevoelens beskryf. Die hegte struktuur van die kortverhaal wat onder andere deur herhaling bewerkstellig word, is in hierdie paragrawe opvallend. Oom Karel voel 'n leegte in hom wat deur middel van 'n vergelyking verbind word aan die natuur: "soos in die veld en in die hemel". Die woord "leegte" in hierdie paragraaf skakel met "leeg" in die verbindingstuk tussen mens en natuur. "Leegte" word geassosieer met eensaamheid. Eers word 'n natuurgegewe as eensaam geskets: "Die bulte lê daar eensaam ...", en dan skakel dit met die hoofiguur wat niks het om na uit te sien behalwe "leegte en eensaamheid" nie. Hier word die twee woorde saam gebruik. Die eensaamheidsmotief herhaal later in die paragraaf vanuit die gedagtes van oom Karel, dat hy elke jaar eensamer word. Die parallel tussen mens en natuur word nie net gesuggereer nie, maar ook uitgespel: "... en stadigaan word hy soos die winterveld, stil, leeg" (148).

'n Verdere woord wat deur herhaling struktuurmiddel word, is "droewig" en variante, wat weer die ooreenkoms tussen die natuur en die hoofiguur se gemoedsgesteldheid onderstreep.

Eers is dit die lug en die veld wat vanuit oom Karel se perspektief "droewig" is. Dan voel oom Karel 'n droefnis om die dinge wat nie meer daar is nie, en onmiddellik word dit geskakel met die natuur, want in die eerste deel van die sin dink hy dat hy 'n leegte in hom voel "soos in die veld en in die hemel". Twee paragrawe verder kommunikeer hierdie motief weer wanneer daar 'n "vae weemoed" by oom Karel opkom (148).

Hoewel die natuur by Van Melle 'n belangrike rol speel, word dit nooit 'n mag wat aanbiddenswaardig is nie, soos by C.M. van den Heever in sy werke met panteïstiese trekke.

Oom Karel se krisis word teen die agtergrond van die winter geskets. Hy kom tot klaarheid in die Bosveld wanneer dit lente word. Vanuit oom Karel se perspektief het Bosveld en hemel raakpunte. Die dood het vir hom die assosiasie van "huistoe trek" (150); sy aardse huis waar hy tuisvoel, is nie by

sy kinders nie, maar die Bosveld waaraan hy dink as "die huis" waar hy dag na dag meer tuis voel (154). Al is oom Karel se oplossing van die probleem redelik onkonvensioneel, kom dit vanuit sy Christenwees.

Ondanks dieselfde tydruimte en 'n verwante probleem verskil oom Daan en oom Karel hemelsbreed. Die een word Godloos geteken en die ander as lewenslange gelowige. Die beskrywing van hulle einde illustreer hierdie kontras. Oom Daan worstel en praat ylende "van dinge wat hy moet regmaak" (146). Oom Karel sterf in die vrede van die gelowige: "Hy lyk mooi soos hy nou daar lê. 'n Mooi ou man, kalm, vredig met iets wat na blydskap lyk oor sy gesig" (159).

Oom Diederik ("Oom Diederik leer om te huil") val in dieselfde kategorie as oom Karel, in die sin dat albei oortuigde Christen-gelowiges is, al kom dit in eersgenoemde kortverhaal eers in die laaste helfte na vore. Dat oom Diederik 'n probleem het waaroor hy pieker, word al gou duidelik wanneer genoem word dat hy "weer in gepeins" verval (142). Oom Diederik self besef dat hy nie meer met sy vrou praat nie omdat hy "so met sy eie gedagtes besig is dat hy die geselskap verwaarloos" (143). Soos oom Karel is hy eensaam tussen sy mense. Daar word nie gesê waaroor hy so baie dink nie, maar dit word gesuggereer dat dit oor die onderwerp van sy droom tydens sy siekte is. In die droom loop sy denke "een rigting" (144): watter vereiste gaan daar aan hom gestel word om die ewige lewe te beërwe. Soos oom Daan en oom Karel, is oom Diederik dus ook besig met gedagtes aan die dood.

Hierdie kortverhaal is 'n soort kaderverhaal met sy siekte en die tydperke daarvoor en daarna as die buitenste verhaal, en die droom as die binneste. Sy reis met kar en perde na die mooi groot kerk met sy vensters wat blink in die son, is 'n *Pelgrim se reis na die ewigheid* in die kleine. Dié bestemming word aangedui deur oom Diederik se antwoord op die vraag waarheen hy ry: Hy antwoord dat hy op pad is na die plek "waar almal heen ry", dit wil sê die dood (146). Die werk met sy duidelike religieuse inslag is geplaas in die Christelike ruimte wat so tipies van die Ouer Afrikaanse Prosa is.

'n Ooreenkoms met oom Daan is dat oom Diederik ook angs ervaar op sy pelgrimstog na die ewigheid. Hier hou dit egter op, want daar word nooit gesuggereer dat oom Daan 'n oortuigde Christen is nie, terwyl dit by oom Diederik beslis die geval is. Op sy reis na die ewige lewe kom hy hekwagters teë, wat besluit of hy aan sekere vereistes voldoen om deurgelaat te word. Weer tipies van die Ouer Afrikaanse Prosa is die saamgaan van goeie Afrikanerskap en goeie Christenskap. Aan dié vereiste van vaderlandsliefde voldoen oom Diederik. Aan die volgende voldoen hy ook, maar nie so maklik nie. Waar die vorige vereiste om liefde tot jou eie mense gaan, is die

norm hier liefde tot 'n ander nasie, in hierdie geval oom Diederik se "swart skape" wat hy moes laat wei. Hierdie woorde verwys na Jesus se gesprek met Simon Petrus in Johannes 21.

Oom Diederik het wel iets aan die sendingsopdrag van die gelowige gedoen deur sommige van sy swart werkers die huisgodsdiens te laat bywoon. Met twee van sy werksmense het hy verder gegaan en oor geloofsake gepraat. Met Windvoël het oom Diederik gefaal, want ondanks lang gesprekke het Windvoël "te min verstand gehad om veel daarvan te begryp" (149). Met Vaatjie, die Swartman saam met wie hy grootgeword het, het hy dikwels oor die geloof gepraat.

Tot hier het oom Diederik aan die gebod van liefde tot jou naaste voldoen. By die laaste hek word hy egter weggewys omdat hy nog nie geleer huil het nie. Die antwoord op hierdie raaiselagtige norm, kry oom Diederik in die gedeelte van die Bybel wat die dominee voorlees: "En als Hij nabij kwam en de stad zag, weende Hij over haar" (Van Melle word hier op 'n onnoukeurigheid betrap. Hy noem dat dié woorde uit Matthéüs 19:41 kom Dit staan egter in Lukas 19:41). Die sondige Jerusalem waaroor Jesus gehuil het, word in die Van Melle-verhaal simbool van die hele sondige wêreld. Dit word gesuggereer dat die liefde tot die naaste, wat spruit uit liefde tot God, nie voldoende is as die Christen nie liefde en verdriet voel vir die ganse mensdom nie. Die trane moet "aanhou vloei solank die mensdom in nood en sonde leef" (156).

Aan die einde van die verhaalgebeure in "Oom Karel neem sy geweer saam" is die probleem opgelos, maar in die geval van oom Diederik nie. Hy word wel deur 'n groot droefheid vervul, maar dit is omdat hy nog nooit geleer het om die regte trane te huil nie. Ware Christen wat hy is, soek hy troos in die gebed en bid hy om "daardie droefheid wat sal aanhou; aanhou solank die son op 'n onveranderde aarde skyn" (157).

Die kern waarop hierdie kortverhaal gebou is, is 'n Christelike norm: liefde tot God en liefde tot die naaste. Jonckheere (1968:54) praat in hierdie verband van "de centrale, intens christelike idee". Anders as by oom Daan spruit oom Diederik sowel as oom Karel se besinning oor die dood uit 'n deurleefde Christelike lewenshouding.

Soos die godsdiensgegewe 'n rol speel in *Bart Nel* en die drie bespreekte kortverhale, is dit ook die geval in die meeste werke van Van Melle. Hoewel hy in sy verhaalkuns sy tydgenote in sommige opsigte vooruit is, is hy wat die Christelike tydruimte van sy prosa betref, kind van sy tyd.

## BIBLIOGRAFIE


### Gebruikte tekste

VAN MELLE, J. 1972. *Bart Nel.* Pretoria: Van Schaik.
VAN MELLE, J. 1938. "Oom Daan en die dood". (In *Oom Daan en die dood).* Bloemfontein: Nasionale Pers.
VAN MELLE, J. 1938. "Oom Karel neem sy geweer saam". (In *Oom Daan en die dood).* Bloemfontein: Nasionale Pers.
VAN MELLE, J. 1938. "Oom Diederik leer om te huil". (In *Vergesigte).* Pretoria: Van Schaik.

### Sekondêre bronne

BOTHA, E. 1960. Oordele in oënskou I. J. van Melle: *Bart Nel* - die vraag na Fransina se goeie trou. *Standpunte.* 13(6): 18-23, Aug.
BRINK, André P. 1976. "Algaande na die ver ruim lig": Aantekeninge by *Bart Nel. Tydskrif vir Letterkunde.* Nuwe reeks XIV: 3,35-45, Aug.
JANSE VAN RENSBURG, L. (samest.) 1976. Johannes van Melle (1887-1953). Bibliografie. Universiteit van Stellenbosch. Departement Biblioteekkunde. (Mikrofiche).
JONCKHEERE, W.F. 1968. Johannes van Melle. Realist tussen twee werelden. Pretoria: Van Schaik.
TRUTER, H.W. 1965. Oom Daan en oom Diederik. *Standpunte.* 18 (3):44-49.
VAN DER WALT, P.D. 1966. Die wye eensaamheid in Bart Nel. *Standpunte.* 20 (2):16-18.
VENTER, L.S. 1982. Die topologiese verhaalruimte in Van Melle se *Bart Nel.* (In *Ruimte as epiese kategorie. 'n Ondersoek aan die hand van Afrikaanse en Nederlandse romans).* Proefskrif (D.Phil.) PU vir CHO.